

WETTIGE OOREENKOMS

Tussen

Kompas Centurion
("Die Institusie")

en

in sy/haar/hulle kapasiteit as ("**Betaler/Borg**")

ID Nr.

getroud binne/buite gemeenskap van goedere/ongetroud

Naam van eggenoot/eggenote

ID Nr. van eggenoot/eggenote

Ouer/Borg van _____
in sy/haar kapasiteit as ("**Student**")

ID Nr. van Student

en bygestaan deur sy/haar wettige voog (indien van toepassing)

Wettige voog

ID Nr. van wettige voog

2018 KOMPAS CENTURION WETTIGE OOREENKOMS

I. INLEIDING

Die Institusie onderneem om die studente te onderrig in die Woord van God, lewensvaardighede te ontwikkel, beroepsgerig op te lei en bloot te stel aan avontuurleer. Ons erken die student se vryheid van keuse wat alle meegaande verantwoordelikheid en gevolge insluit. Die Institusie neem verantwoordelikheid vir die toepassing van dissipline om 'n veilige georganiseerde omgewing te skep waarin die student kan ontwikkel.

II. OPSKORTING VAN HIERDIE OOREENKOMS

Die geldigheid van hierdie ooreenkoms sal verval indien die registrasiegelde van **R6 000.00** nie teen **30 Maart 2018** betaal is nie of die student nie op die betrokke aanvangsdatum aanmeld nie. Hierdie dokument moet deur al die betrokke partye verwant aan die student en die student self **geteken en op elke bladsy geparafeer** word. Die Institusie sal die ooreenkoms met inhandiging tydens die registrasie teken.

III. BINDENDE VOORWAARDES

Die betaler/borg verbind homself/haarself/hulself tot die stiptelike betaling van klasgelde soos hieronder uiteengesit. Indien 'n student die kursus op enige stadium verlaat vir enige rede buiten dood of ernstige besering, sal die betaler/borg steeds wettig verantwoordelik wees vir die stiptelike betaling van klasgelde. Die student verbind homself/haarself daartoe om die reëls van die Institusie te onderhou asook om die meegaande verantwoordelikhede en gevolge te aanvaar. Indien 'n student geskors word weens oortreding van die reëls sal die betaler/borg steeds verantwoordelik wees vir die volle en stiptelike vereffening van die uitstaande klasgelde volgens die betalingskedere soos hieronder uiteengesit.

IV. BETALING

Kostes

Die kostes vir 2018 se jaarprogram beloop R 25 800.00 (insluitend registrasie). Die kostes sluit alle klasgelde, die Kenmekaar-kamp, T-hemp en studiemateriaal in. Die avontuurkamp en eindjaarkamp is nie hierby ingesluit nie. Indien 'n student se kursusgeld nie ten volle vereffen is nie, sal die kursussertifikaat nie uitgereik word nie. Die halfjaarkursus vir 2018 beloop R15 900 en klasse begin op 1 Julie 2018.

Betalingskedere

Registrasiegelde van R6 000.00 moet voor 30 Maart 2018 inbetaal word. Registrasiegelde is nie met kansellasië verhaalbaar nie. Verdere betalings vir die jaar kan eenmalig of oor ses maande gedoen word.

Die maandelikse bedrag van R3 300.00 kan elektronies gedoen word met voldoende verwysings en gepaardgaande e-pos van betalingsbewys gestuur aan info@kompascenturion.co.za

V. INVORDERING

Uitstaande betalings ouer as 60 dae sal aan skuldinvorderaars (prokureurs) oorgegee word en rente teen FNB se primakoers ten tye van die invordering sal gehef word. Uitstaande betalings kan daartoe lei dat die betaler/borg ge-“swartlys” word totdat die betaling gedoen is. Indien die betaler/borg agterstallig raak met betalings vanweë ’n finansiële krisis, moet hy/sy/hulle onmiddellik met die Institusie in verbinding tree en ’n nuwe skriftelike kontrak voorlê. Indien die nuwe voorlegging aanvaar word, sal dit die nuwe bindende kontrak word. Indien betalings ouer as 90 dae is, mag die Institusie die betrokke student versoek om die kursus te verlaat.

VI. DIE REËLS

REËLS/ GRENSE

Waarom reëls?

Die Institusie se reëls het ten doel om die kursus en sy mense te beskerm. Die reëls erken vryheid van keuse met die meegaande verantwoordelikheid en gevolge. Alle reëls word goed gemotiveer sodat almal sal verstaan dat dit nie wetties is nie, maar uit liefde vir wat ons doen, ons studente, leiers en bowenal, die Here, wat ’n God van geregtigheid is.

’n *Kompas*-student staan vir die volle duur van die kursus permanent onder die reëls van die Institusie omdat mense krities kyk na die waarde wat die kursus tot studente se lewens toevoeg. Bowenal is Christelike beginsels standvastig en die Institusie se standaard is daarop geskoei.

Alle landswette moet sonder uitsondering nagevolg word.

Spesifieke Reëls:

1. **Gedrag:** Studente se gedrag wat die Institusie se naam in die openbaar skend, sal as ’n baie ernstige oortreding beskou word.
2. **Rook (insluitend elektroniese sigarette):** Die rookwet van Suid-Afrika en toepassing daarvan moet baie streng eerbiedig en toegepas word – ook by alle amptelike aangeleenthede van die Institusie (insluitend klastye, kampe, uitreike of amptelike sosiale funksies). Private instansies se rookreëls moet ook ten alle tye nagekom word.
3. **Drank- en dwelmgebruik:** Geen drank word op die kerkgronde en kursuserperseel toegelaat nie. Enige vorm van drankmisbruik of dronkenskap sal as ’n baie ernstige oortreding beskou word. Die gebruik of besit van dwelms te eniger tyd is ’n baie ernstige oortreding. Dit kan daartoe lei dat die SAPD betrek word en is gronde vir onmiddellike skorsing. Ouers/Voogde/Borge sal onmiddellik in kennis gestel word. *Wanneer iemand in ’n groep dwelms gebruik, word die hele groep blootgestel aan moontlike vervolging en ’n kriminele rekord.*
4. **Diefstal:** Enige diefstal sal in ’n ernstige lig beskou word en kan tot vervolging lei.
5. **Reëls met betrekking tot verhoudings se doel is om studente te help om die Here se beginsels en seisoene te verstaan.**
 - i. Seksuele omgang tussen studente op kursus of tussen ’n student en iemand buite die kursus, sal as ’n baie ernstige oortreding beskou word en sal dadelik by die ouers aangemeld word.
 - ii. Enige vorm van betasting gedurende busritte, kampe of enige aktiwiteite gedurende die *Kompas*-jaar sal in ’n baie ernstige lig gesien word.
 - iii. Geen intieme fisiese aanraking word toegelaat nie.

6. Reëls met betrekking tot gesindheid en verbintenis tot die kursus

- i. Negatiewe gesindheid en/of minagting van reëls of individue: Uit die aard van ons proses is dit baie belangrik dat elke student sy samewerking tydens die kursus met 'n positiewe en respekvolle gesindheid teenoor almal (leiers ingesluit sal gee) om sodoende die proses wat die Institusie bied, te bevorder. Enige oortreding van hierdie reël sal deur die leierskap beoordeel word en mag tot skorsing lei. Die student se uitstaande klasgelde sal egter steeds ten volle betaalbaar wees.
 - ii. Versuim om klas by te woon: Versuim om klas of enige ander amptelike aktiwiteit van die Institusie by te woon sonder 'n geldige verskoning mag tot skorsing lei. Belangrike afsprake moet sover moontlik buite klastye gereël word. Afwesigheid as gevolg van mediese redes moet vroegoggend deur die student by die kursusleier aangemeld word.
 - iii. Die Institusie vereis 'n mediese sertifikaat in gevalle waar 'n student vanweë mediese redes langer as 3 dae afwesig is, of op 'n gereelde basis nie klas bywoon nie.
 - iv. Versuim om kampe by te woon: Kampe is verpligtend en verskoning sal net op grond van geldige mediese redes of dood in die nabye familie aanvaar word. Vir 'n mediese rede moet geldige dokumentasie voor vertrek aan die Institusie verskaf word.
- 7. Reëls met betrekking tot selfone:** Geen sosiale selfoon-aktiwiteite word tydens klastyd toegelaat nie. Selfone mag vir Bybelverwysings gebruik word of om notas te maak.
- 8. Addisionele reëls:** Kleredrag, klasgedrag en ander praktiese reëlings sal intern aan die student deurgegee word. *Kompas* se waardes aangaande studente se voorkoms en gedrag sal indien nodig met die student bespreek word.

VII Riglyne vir ouers:

1. Wie dra die verantwoordelikheid?

Die Institusie staan primêr in verhouding met die student. Dit is vir ons baie belangrik dat die student self verantwoordelikheid vir elke faset van die kursus neem (uitgesluit die betaling van klasgeld). Inligting rakende reëlings van kampe en elke ander faset van die kursus sal dus vir dié rede aan die studente gekommunikeer word. Ons vra u om enige inligting in hierdie verband van die student te verkry.

2. Terugvoer

Terugvoer oor die kursus behoort primêr van die student self verkry te word. *Kompas* se proses is gemik op potensiaalontwikkeling, die bou van karakter, geestelike groei, beroepsekerheid en dergelike onmeetbare fasette. 'n Boom word aan sy vrugte geken. Die vrug in die student is die enigste aanduiding van groei en kan net vanuit 'n baie persoonlike verhouding beoordeel word. Ons versoek ouers om geduldig te wees. *Kompas* saai die saad oor 'n lang tydperk wat dikwels eers in die jare wat volg vrug mag lewer. Indien u vir 'n bepaalde rede terugvoer benodig, kan u die kursusleier kontak. Daar sal wel deur die loop van die kursus inligtingsessies vir ouers wees.

- i. **Indien die ouer/wettige voog/borg van 'n student behoefte aan addisionele inligting het:**
Enige relevante addisionele inligting van ouers se kant af sal *Kompas* in staat stel om 'n student meer effektief te benader. Ouers is dus baie welkom om afsprake per e-pos te maak. Dui asseblief die onderwerp van bespreking in die e-pos aan sodat ons ter voorbereiding van die gesprek inligting aan ons kant kan versamel.
- ii. **Probleme met die kursus of personeel**
Indien 'n student enige probleem ondervind, moet dit onder die kursusleier se aandag gebring word. Indien die kursusleier die probleem nie na wense aanspreek of oplos nie, moet dit onder die aandag van die *Kompas*-hoof gebring word.

- 3. Finansies:** Agterstallige betalings sal direk met die verantwoordelike persoon opgeneem word, maar studente sal op hoogte gehou word van die stand van hul rekeninge. Indien betalings 3 maande agterstallig is, mag 'n student versoek word om die kursus te verlaat.

2018 KOMPAS CENTURION WETTIGE OOREENKOMS

4. **Tattoeëring en “body piercing”:** Tattoeëring en “body piercing” is ’n saak tussen ouers en studente en die Institusie sal nie hierby betrokke raak nie tensy andersins versoek word.
5. **Inligting aan ouers:** Alle belangrike relevante inligting sal per e-pos aan ouers gestuur word. Verskaf asseblief ’n e-posadres. Enige verandering moet telefonies of per e-pos deurgegee word.
6. **Kampe:** Inligting aangaande alle kampe sal aan studente deurgegee word.

VIII Internskap

’n Groot deel van die Instituut se fokus is op beroepsekerheid. Studente word dus gereeld by spesiaal gekeurde instansies geplaas waar hul praktiese ervaring binne beroepe van hul belangstelling kan opdoen. Studente is vir hul eie vervoer na en van die werkplek verantwoordelik wees. Indien die instansie besluit om die student vir die tydperk te vergoed, sal sodanige vergoeding direk aan die student geallokeer word.

VIII OOREENKOMS

Ek (student se volle naam en van), _____
verklaar, onderneem en erken as volg:

1. Om die reëls en regulasies van *Kompas Centurion* na te kom en te onderhou.
2. Om elke leergeleentheid met ’n goeie gesindheid aan te gryp.
3. Om leiers en medestudente te alle tye te respekteer.
4. Om nie *Kompas Centurion* se naam met my openbare optrede op enige manier in gedrang te bring nie. Sulke gedrag sal insluit: dronkenskap, seksuele misdrywe, dwelmgebruik, bakleiery en openlike rebellie.
5. Om alle opdragte en projekte met entoesiasme aan te pak en met voortreflikheid uit te voer.
6. Om te kies om elke faset van die kursus saam met my medestudente te geniet en af te sien van negatiewe spraak en skinder.
7. Om ’n beter verhouding met die Here na te jaag en inspraak van leierskap en medestudente met ’n leerbare gees te ontvang.
8. Om myself teenoor die groep oop te maak en in hul lewens te belê.
9. Om alle konflikte op te los deur met vrymoedigheid en eerlikheid my saak te stel.
10. Om nie ’n medestudent te beïnvloed om die kursus se reëls te oortree nie.
11. Om te alle tye te laat weet as ek laat vir ’n klas gaan opdaag.
12. Om vroegtydig toestemming te vra indien ek ’n klas of aktiwiteit nie kan bywoon nie.

Handtekening van student

Getuie 1 – Verwantskap: _____

Getuie 2 – Verwantskap: _____

2018 KOMPAS CENTURION WETTIGE OOREENKOMS

IX VRYWARING

Die prosesse van *Kompas* neem studente buite hulle gemaksone om groei te bewerkstellig. Emosionele seerkry uit die verlede word ook aangespreek wat tot verhoogde spanning mag lei.

Die deelname aan *Kompas*-kampe kan intens en vermoeiend wees. Dit kan lang busritte, lang loopafstande en uitputtende fisieke aktiwiteite insluit.

Die betrokkenheid by *Kompas* mag vereis dat 'n student tydens sekere aangeleenthede van eie vervoer gebruik moet maak (hetsy persoonlik of saam met ander studente). Elke student is bewus van die risiko's en gevare in die geval van 'n motorvoertuigongeluk asook hul betrokkenheid daarby. Dus is die gebruik van bogenoemde vervoer vrywillig en word die voertuigbestuurder sowel as die Institusie onvoorwaardelik en sonder enige voorbehoude van enige risiko of gevolge gevrywaar.

Die ouer/wettige voog/betaler/borg/student doen hiermee afstand van enige eise van enige aard teen die Institusie t.o.v openbare geweld, politieke oproer, arrestasie, deportasie of enige rede vir 'n aanval, nalate, ongeluk, siekte en/of enige beserings en/of verlies van of skade aan besittings of enige gevolglike verlies van enige aard of oorsaak hoegenaamd wat mag ontstaan gedurende of voortspruitend uit die student se betrokkenheid by die Institusie.

X ALGEMEEN

Hierdie ooreenkoms, ingesluit die aansoekvorms, behels die volle wettige kontrak tussen die partye rakende die *Kompas*-kursus en enige verandering of nuwe ooreenkoms sal slegs van krag wees indien dit deur alle relevante partye onderteken is.

2018 KOMPAS CENTURION WETTIGE OOREENKOMS

VIR KOMPAS CENTURION

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Namens *Kompas Centurion* wat waarborg dat hy/sy ten volle gemagtig is om nms die
Institusie te teken:

Volle Naam en Van: _____

ID Nr.: _____

Posisie: _____

VIR DIE BETALER/BORG:

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Betalers/borg

Volle Naam en Van: _____

ID Nr.: _____

Verwantskap: _____

Gade

Volle Naam en Van: _____

ID Nr.: _____